Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

# BESIGHEIDSTUDIES V2

## MODEL 2020

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.
   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

ÉcoleBooks

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| SECTION | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **30** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **30** |
| | **3** | **40** | **30** |
| | **4** | **40** | **30** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 William, die bestuurder van Eden Supermark, pas die … leierskapstyl toe wanneer hy take aan volgelinge sonder toesig delegeer.

A outokratiese
B demokratiese
C laissez-faire-/vryeteuels-
D charismatiese

1.1.2 Die ... maatskappy verskaf noodsaaklike dienste soos water en elektrisiteit teen bekostigbare pryse.

A persoonlike-aanspreeklikheids-
B staatsbeheerde
C publieke
D privaat

ÉcoleBooks

1.1.3. 'n Voorbeeld van 'n nieverbale aanbieding is inligting in die vorm van 'n …

A geskrewe verslag.
B dataprojektor.
C videokonferensie
D mondelinge verslag.

1.1.4 Thembi laat toe dat Joyce vir 'n rukkie kwaai met haar praat sonder om aanvallend te wees. Dit is 'n voorbeeld van hoe om 'n ... persoonlikheid te hanteer.

A klaende
B stil
C kundige
D aggressiewe

Kopiereg voorbehou 

1.1.5 Spandinamika-teorieë help besighede om ...

A take aan spanlede met soortgelyke persoonlikhede toe te ken.
B take volgens elke spanlid se rol toe te ken.
C goeie verhoudinge met spanne te bewerkstellig.
D individuele tevredenheid te bevorder. (5 x 2) (10)

1.2. Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| enkelvoudige rente; probleemoplossing; gesondheids- en veiligheids-verteenwoordiger; taal; besluitneming; aftreeannuïteite; ouderdom; werkgewer; saamgestelde rente; aanspreeklikheidspolisse |

1.2.1 Thandeka het ... verdien, bereken op die hoofsom en opgehoopte rente.

1.2.2 'n Belegger kan slegs geld uit ... onttrek wanneer hy/sy 'n sekere ouderdom bereik.

1.2.3 'n Besigheid wat 'n tolk vir vergaderings aanstel, gee aandag aan ... as 'n diversiteitskwessie.

ÉcoleBooks

1.2.4 Die verantwoordelikheid van die … is om al die nodige toerusting aan werknemers te verskaf om hul pligte in 'n gunstige werksomgewing uit te voer.

1.2.5 Sam oorweeg verskillende alternatiewe voordat die beste oplossing gekies word om 'n besigheidsprobleem op te los. Dit staan as … bekend. (5 x 2) (10)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.3. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Kreatiewe denke | A slegs jongmense word vir aanstellings oorweeg |
| 1.3.2 Interaktiewe slimborde | B nuttig in dinkskrumsessies aangesien voorstelle opgesom word |
| 1.3.3 Inklusiwiteit | C stel verbruikers in staat om lenings by finansiële instellings te maak |
| 1.3.4 Skuldbriewe | D gebruik roetinemetodes om probleme op te los |
| 1.3.5 Ekonomiese reg | E stel werknemers in staat om toegang tot gesondheidsorg te hê |
| | F stel besighede in staat om lenings by beleggers te maak |
| | G nuttig om terugvoering en nuwe idees vas te lê |
| | H mense uit verskillende agtergronde word in diens geneem |
| | I gebruik nieroetinemetodes om probleme op te los |
| | J sien toe dat werknemers dieselfde betaal word vir werk van dieselfde waarde |

(5 × 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee DRIE voorbeelde van versekerbare risiko's. (4)

2.2 Noem VIER beginsels van versekering. (4)

2.3 Tammy ken take aan werknemers toe volgens hul vlak van volwassenheid.

2.3.1 Identifiseer die leierskapsteorie wat Tammy toepas. (2)

2.3.2 Bespreek die leierskapsteorie wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is. (6)

2.4 Onderskei tussen 'n *privaat maatskappy* en 'n *publieke maatskappy.* (8)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BERG HOTEL (BH)**

Sihle, die eienaar van Berg Hotel, pas die demokratiese leierskapstyl toe om sy werknemers te bestuur. Hy het 'n positiewe houding en weet dat daar altyd meer is om te leer. Sihle se gedrag weerspieël dit wat hy in sy volgelinge wil sien.

2.5.1 Haal TWEE rolle van persoonlike houding in suksesvolle leierskap aan wat deur Sihle in die scenario hierbo ten toon gestel word. (2)

2.5.2 Verduidelik vir Sihle die impak van die demokratiese leierskapstyl op BH as 'n besigheid. (8)

2.6 Evalueer die impak van 'n PowerPoint-aanbieding as 'n visuele hulpmiddel. (6)
**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

3.1 Noem VIER stappe van probleemoplossing. (4)

3.2 Noem enige VIER menseregte by die werkplek. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JUNE HANDELAARS (JH)**

June Handelaars het die afgelope drie jaar groot winste gemaak. Hulle het besluit om in gemeenskappe te belê deur skooluniforms te skenk. Sportgeriewe is ook deur JH verskaf om 'n gesonde leefstyl te bevorder.

3.3.1 Haal TWEE maniere aan waarop JH tot die welstand van hulle gemeenskappe bygedra het. (2)

3.3.2 Bespreek die impak van korporatiewe maatskaplike belegging/investering (KMB/KMI) op JH as 'n besigheid. (4)

3.4 Beskryf enige TWEE kriteria vir suksesvolle spanprestasie. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

EcoleBooks

**SMOOTH MEUBELS BPK. (SM)**

Smooth Meubels Bpk. wou van hul meubels se ontwerpe verander. Werknemers is versoek om nuwe idees in 'n groot groep voor te stel sonder om individueel te werk. Hierdie idees is as inspirasie vir nuwe idees gebruik. Die bestuur van SM het die voordele en nadele van elke idee beoordeel.

Identifiseer TWEE probleemoplossingstegnieke wat Smooth Meubels Bpk. gebruik het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.5 te beantwoord.

| PROBLEEMOPLOSSINGSTEGNIEK | MOTIVERING |
|---|---|
| **1.** | |
| **2.** | |

(6)

3.6 Bespreek die korrekte prosedures om griewe by die werkplek te hanteer. (8)

3.7 Beveel maniere aan waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek stimuleer. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Identifiseer die tipes besigheidsbeleggingsgeleenthede wat deur Prima Loodgieters in ELKE stelling hieronder gebruik is:

4.1.1 Prima Loodgieters het vir ses maande R50 000 teen 'n gunstige rentekoers by 'n finansiële instelling belê.

4.1.2 Prima Loodgieters het dividende ontvang vir hulle gedeelte van eienaarskap in Blou Reeks Bpk. (4)

4.2. Beskryf kortliks TWEE faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n aanbieding voorberei word. (4)

4.3 Verduidelik opbrengs op belegging as een van die faktore wat in ag geneem kan word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

4.4 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur*. (8)

### BESIGHEIDSROLLE

EcoleBooks

4.5 Identifiseer die stadiums van spanontwikkeling wat op Shiburi Konstruksiespan in ELK van die stellings hieronder van toepassing is:

4.5.1 Spanlede vergelyk mekaar se idees en baklei vir 'n leierskapsposisie.

4.5.2 Die span is bewus van hulle doelwitte en neem besluite sonder toesig.

4.5.3 Spanlede versamel inligting oor die taak wat uitgevoer moet word. (6)

4.6 Verduidelik maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te bevorder. (6)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LIZEL KLEREVERVAARDIGERS (LKV)**

Die bestuur van Lizel Klerevervaardiger het gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers aangestel. Hulle sal vir die nagaan van die doeltreffendheid van LKV se gesondheids- en veiligheidsmaatreëls verantwoordelik wees. Hulle moet ook potensiële gevare in die werkplek identifiseer.

4.7.1 Haal TWEE rolle van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers uit die scenario hierbo aan. (2)

4.7.2 Gee LVK raad oor ander rolle van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die werkplek. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGINGS EN ONDERNEMINGS-VORME)**

Peter en Teko is vennote in P & T Konsultante. Hulle oorweeg dit om hul surplus-fondse in die RSA-kleinhandelspaareffekte/Regering se kleinhandel-effekte en ook in voorkeuraandele van maatskappye wat op die JSE genoteer is, te belê.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf 'n opstel oor beleggings en ondernemingsvorme waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die funksies van die JSE.
- Beskryf VIER soorte voorkeuraandele.
- Evalueer die impak van die RSA-kleinhandelspaareffekte/Regering se kleinhandel-effekte op beleggers.
- Gee Peter en Teko raad oor hoe die volgende faktore tot die sukses en/of mislukking van hul vennootskap kan bydra:
  - o Bestuur
  - o Wetgewing **[40]**

ÉcoleBooks

**VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (ETIEK EN PROFESSIONALISME)**

Volgens die King-kode-beginsels word daar van besighede verwag om hulle bedrywighede op 'n etiese en professionele manier uit te voer. Baie besighede ontwikkel strategieë om onetiese besigheidspraktyke te hanteer om so mededingend en volhoubaar te bly.

Skryf 'n opstel oor etiek en professionalisme waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee:

- Brei breedvoerig uit oor die betekenis van *etiese gedrag*.
- Verduidelik hoe die volgende onetiese besigheidspraktyke 'n uitdaging aan besighede kan bied:
  - o Onregverdige/Onbillike/Oneerlike advertensies
  - o Pryse van goedere in landelike gebiede
  - o Belastingontduiking/Belasting
- Gee besighede raad oor hoe hulle *aanspreeklikheid* en *deursigtigheid* as King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas.
- Stel maniere voor waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk uitgevoer behoort te word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM